



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 56: 14 Augustus 2015

MEDE-VERANTWOORDELIKHEID

Soos by enige skool wat sy sout werd is, staan die beste belange van ons leerders by Framesby sentraal binne alle aktiwiteite wat hier aangebied word. Elke personeellid werk elke dag met ons leerders, deeglik bewus van die ongelooflike verantwoordelikheid waarmee hulle toevertrou word, sowel as die verwagtinge wat leerders, en dan veral ook ouers, van hulle koester. Daarom dan dat mens soms absoluut stomgeslaan staan wanneer leerders en ouers, skynbaar totaal verblind deur hul eie belange, die pogings wat deur onderwysers aangewend word om, aanvullend tot die normale skoolprogram, hulp te verleen, met antagonisme bejeën, en daar in baie gevalle op 'n uiters aanvallende en disrespekvolle wyse met die betrokke onderwysers gekommunikeer word.

Dis egter so dat mens nie moet veralgemeen nie, en dat hierdie tipe optrede beperk is tot 'n relatief klein groep. Tog kan die onderliggende gees van verdagmakery en negatiewe, en die onweerlegbare invloed wat dit op die betrokke leerders se ingesteldheid het, nie negeer word nie. Ons missie stel dit duidelik dat Framesby daarna streef om jong volwassenes die wêreld in te stuur wat op alle terreine toegerus sal wees om hul plek in die samelewing vol te staan. Wanneer opregte pogings om juis hierdie proses aan te vul van stapel gestuur word, behoort almal dit met groot positiewe te verwelkom en verdraagsaamheid te openbaar waar sekere reëlins nie almal pas nie.

Tans word verskeie hulpprogramme in die Tale, Wiskunde en Wetenskappe aangebied, en is die Leesprogram nou aan die gang. Hierdie programme word gratis deur ons onderwysers bedryf, en waar daar van bepaalde leerders verwag word om dit by te woon, is daar beslis baie goeie redes daarvoor. Die ondersteuning van ons ouers is dus uiters noodsaaklik.

Dis ouers se reg om ons op ons tone te hou, maar dan in 'n openhartige vennootskapsverhouding en met wedersydse respek.

AKADEMIESE DRUK AL GROTER!

Die jaar spoed voort en vir die matrieks raak dit regtig MIN DAE! Intussen is daar talle leerders wat tans op die rand van die afgrond staan met hul akademiese, en wil ons hiermee 'n ernstige beroep op almal doen om nou skouer aan die wiel te sit. Die SGA-program stel groot eise en die belangrikheid daarvan kan nie onderskat word nie. Elke aktiwiteit vorm deel van die uiteindelige jaarpunt, wat in die senior grade 25% van die bevorderingspunt, en in die junior grade 40% van die bevorderingspunt uitmaak. Dit beteken dat die eindeksamen vir alle grade die grootste komponent van die bevorderingspunt vorm. **Daar is dus nog tyd om in te haal!!**

Die matrieks se September-eksamenrooster is reeds gepubliseer, en die **Toetsreeksrooster** vir die ander grade is op vandag die laaste bladsy.

Vanaand in die
Skoolsaal:
Hoezit my Ou!
met
Framesby Forté

Donderdagaand:
Groot Brag
in die Skoolsaal
Ouers welkom

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Luan Ras 9C
Megan Tait 9A
Chad van Rensburg 8G

Sondag
De Wet Coetzee 10G
Nicole Hills 10E

Maandag
Viaan Wolmarans 10B

Dinsdag
Annene Dreyer 11A

Woensdag
Micaela Bernardo 10E
Jean-Pierre Greyling 10B
Duncan Steenkamp 11F
Jessica Vorster 12H

Donderdag
Annerie Ferreira 11C
Mindie Friend 12A
Clarise Strydom 8A
Morné van der Mescht 9G

Vrydag
Nicole Ferreira 8G
Zander Langley 9G

FRAMESBY IS TROTS OP

MUURBALSPELERS KOOK BY SA'S

Gedurende die afgelope Julie vakansie is van ons leerlinge opgeneem in OP-Spanne wat die provinsie verteenwoordig het by die Landsweye Interprovinsiale Toernooie.

Die **Onder 16** groep het in **Bloemfontein** gespeel, en hie was **Megan Tait** deel van die **OP B-span** wat **goud** vir die provinsie in die B-afdeling gewen het. **Anli Thiel** het in die **OP A-span** gespeel en hulle het 'n **tweede** plek behaal.

Die **Onder 19** groep het in **Kaapstad** deelgeneem.

Stephen Tait was in die **OP B-span** en hulle het die **brons medalje** by die toernooi gewen

Warren Bower en **Dewald van Niekerk** het in die **A-Span** gespeel en hulle het ook 'n **derde plek** in die **A-Afdeling** vir seuns O/19 behaal.



Ons muurbal-superster, **Dewald van Niekerk**, is vroeër opgeneem in die **SA O/19 Span** wat eers in **Maleisië** deelgeneem het en daarna het hy **SA** in die **Nr 1** posisie by die **wêreldspele** in **Nederland** verteenwoordig.

Daar is net 2 Suid-Afrikaners gekies om aan die wêreldspele deel te neem. Dewald het 3 van sy 5 wedstryde gewen. Pragtige prestasie, Dewald!

OP die foto hierbo is (agter): Megan en Anli, en (voor): Stephan, Dewald en Warren. Baie geluk! Framesby is baie trots op julle!

HOKKIESPANNE UITSTEKEND TEEN RIEBEECK

Terwyl ons rugbyspanne verlede Saterdag harde bene gekou het teen Glenwood, het ons hokkiedogters hul staal gewys teen Riebeeck College van Uitenhage. Die O/16's se wedstryd moes na hierdie week uitgestel word, maar ons dogters het uitstekend gevaar.

Die O/14A-span het 0 – 1 verloor en die O/16C-span het 1 – 1 gelykop gespeel. Ons eerste en tweede spanne het egter GEKOOK! Die 2des het 4 – 1 gewen, terwyl die 1stes verwoestend was en met 5 – 1 geseëvier het. Pragtig meisies! Dit lyk of die strawwe Kaapse toernooi julle selfvertroue wondere gedoen het. Baie trots op julle!

GLENWOOD-BEPALING 'N HOOGTEPUNT

Die besoek van Glenwood Boys High die afgelope naweek was een van die groot hoogtepunte op ons 2015 sportkalender. Alhoewel ons verlede jaar Boland Landbou ontvang het, het hulle vir hul eie verblyf gesorg. Hierdie keer het dit bontstaan gekos om alle ste reël, aangesien ons gereken het dat die Glenwood-seuns by ons leerders souk on tuisgaan. Toe dit nie realiseer nie, moes haastige planne gemaak word. Uiteindelik kon die helfte by Maryvale en Kaap Receife tuisgaan, terwyl die res in die skoolsaal moes slaap op matrasse wat ons gelukkig by die weermag kon leen. Almal het Vrydagaand by die skool geëet en omtrent 150 mense moes Saterdagoggend ontbyt eet. Mnr. Scriven se reëlings was egter "spot-on" en almal het heerlik gebly en geëet!

Op die rugbyveld was die kompetisie straf. Glenwood se O/14A- en O/15A-spanne word tans as Nommer 1 in die land beskou, en in albei hierdie wedstryde het ons spanne ongelooflik goed gedoen. Die O/14A-span het 15-19 verloor, terwyl die O/15A-span met 0-12 aan die verloorkant was. Ons O/14C-span het hul reputasie as die "giant killers" gestand gedoen deur Glenwood met 59-0 af te ransel. Pragtig manne! Die meeste ander spanne het naelskraap verloor en ons kan werklik baie trots op almal wees.

Die eerstespanwedstryd was 'n baie gelykopstryd, met Framesby wat die eerste helfte oorheers het. Ongelukkig het die span nie al hul kansen benut nie, en het Glenwood 'n fout uitgebuit om die rustydtelling op 7 -7 tot stand te bring. In die tweede helfte het Glenwood met meer energie teruggekom om die voortou te neem. Framesby moes duur betaal vir hul foute, en moes hulle, ondanks baie goeie spel, uiteindelik met 25 – 19 die knie buig. Tog was dit 'n baie aanskoulike skolewedstryd wat in 'n uitstekende gees gespeel is. Volgende jaar pak ons hulle in Durban.

Framesby het die gholf, muurbal en landloop gewen, maar ongelukkig verloor in die tennis en skaak.

NOG MOOI PRESTASIES

Wilanie gaan van krag tot krag

Ons groot tennis-uitbinker, Wilanie van Zyl, speel deesdae die wêreld behoorlik aan die brand. Sy het die naweek die **derde Brian Bands toernooi** in 'n ry gewen nadat sy die laaste 5 OP Mini-toernooie gewen het. Sy het nou al 8 van die toernooie wat vir die ranglys tel in n ry gewen, en speel in die OP Vroue Ope-afdeling. In hierdie finaal het sy met 6-0 en 6-1 geseëvier teen Kaylin Bouwer van Pearson, wat pas teruggekeer het van die SA-Skoletoer na Brittanje.

Wilanie hestel tans steeds van twee groot beserings, en ons is saam met haar baie dankbaar en trots dat haar tennis tans op so 'n hoë standaard is. Marlu Jansen van Vuuren, wat sy tennisakademie by Framesby bedryf, speel tans ook 'n groot rol in Wilanie se loopbaan, en ons is baie trots om hom by ons tennis betrokke te hê. Hy dra werklik ons spelers se belange op die hart en sy afrigting en ondersteuning beteken ongelooflik baie!

LANDLOPERS BLINK BY DIE OP-KAMPIOENSKAPPE

Ons atlete het verlede naweek by St. Albans aan die OP kampioenskappe deelgeneem en ondanks die nat en modderige toestande uitstekend gevaar. Nege Framesby-atlete het medaljes verower. Hulle is Vicky Oelofse en Chane Petzer (Goud), Janno Aggenbag en Bridget Hart (Silwer), en Lara de de Bloe, Joshua Gouws, Nicole Hills, Chanel Kelsey en Ian Gerber (Brons). Na afloop van die byeenkoms is die volgende Framesby-atlete gekies om vir die Metro aan die Oos-Kaapproewe deel te neem: Vicky Oelofse, Chane Petzer, Janno Aggenbag, Bridget Hart, Lara de Bloe, Joshua Gouws, Nicole Hills, Chanel Kelsey, Ian Gerber, Gerrida Stadler, Michaela Olivier, Luzanne Bruyns, Chante Botha, Dane Cronje, Anel Gerber, Clarise Stow, Donne Barry, Bjorn Ferreira, Chad van Rensburg, Freddie Steffens en Brendan Welsh. **BAIE GELUK!!**

Intussen is Vicky Oelofse en Chané Petzer opgeneem in die OP-span wat aan die ASA Kampioenskappe gaan deelneem. Baie geluk julle twee!

CAROLINE ONS NUWE JUNIOR STADSRAAD-VERTEENWOORDIGER

Die Junior Stadsraad bestaan uit verkose leerders uit al die skole in Port Elizabeth, wat elkeen hul skool vir 'n termyn van 2 jaar verteenwoordig. Anel Gerber, ons hoofdogter, dien die afgelope 2 jaar in die Raad en moes nou vervang word met 'n nuwe verteenwoordiger uit die Graad 10-groep wat tot 2017 in die Raad sal dien.

Nadat onderhoude met 'n groep Graad 10-leerders gevoer is, is Carolane Janse van Rensburg aangewys as ons nuwe verteenwoordiger. Baie geluk met hierdie besondere prestasie Caroline. Ons weet dat jy, saam met die dienende lid, Willem Adriaan Odendaal, Framesby op 'n besondere wyse sal verteenwoordig.

Gepraat van Willem Adriaan. Hy is deur die Toastmasters aangewys as een van die 10 beste debateerders op die Raad. Dis 'n besondere prestasie, veral as in ag geneem word dat alle debats in Engels gevoer word! Baie geluk, Willem Adriaan.



Willem Adriaan, Caroline en Anel

Ons hokkiespanne is môre by die **Linkside Festival** in aksie. Hier is die program vir die wedstryde waarin ons spanne in aksie sal wees

TYD	A-VELD	TYD	B-VELD
08:30-08:55	1ste Dogters vs St. Dominics	08:00-08:25	O/16 Dogters vs Linkside
11:00-11:25	1ste Dogters vs Paterson	08:30-08:55	1ste Seuns vs St. Dominics
13:30-13:55	O/26 Seuns vs Sancto	09:00-09:25	O/16 Seuns vs Nico Malan
14:30-14:55	1ste Dogters vs Victoria Girls	10:00-10:25	O/16 Dogters vs Victoria Girls
		12:00-12:25	1ste Seuns vs Paterson
		13:00-13:25	1ste Seuns vs Nico Malan O/16

**HOKKIE
BY
LINKSIDE
MÔRE
STERKTE!**

AKADEMIE EN IETS DIEPER

ONS WORD GEKEN

EEN van die aangrypende dinge in Ps. 139 is dat die digter met soveel oortuiging getuig van die feit dat God ons deur en deur ken. Here, U sien dwarsdeur my, sê hy, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit. U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie, of U, Here, weet wat dit gaan wees. Die digter weet dat dit onmoontlik is om Gods teenwoordigheid te ontglip. 'n Mens kan nie van God wegvlug of iets vir Hom bedek nie. Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander, sê hy, maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag is so lig soos die dag, duisternis is so goed soos lig. Ja, Gods kennis van ons gaan terug tot voor ons eie begin. God het ons immers gevorm, ons aanmekeargeweef in die skoot van ons moeder. Hy het ons geskep. Geen been van ons was vir Hom verborge toe ons diep in die moederskoot gevorm is nie. Hy het ons gesien toe ons nog ongeboore was. Al ons lewensdae is in Gods boek opgeskrywe selfs voordat ons gebore was. Nee, daarvoor kan daar geen twyfel wees nie: God ken ons deur en deur. Maar is dit nie iets vreesaanjagends nie? Dit sou kon wees. As God ons vyand was, as ons voor sy vlammende oog moes wegvlug, as Hy ons die lewe en die geluk misgun het, as Hy met ons

sou handel in ooreenstemming met ons sonde, as God ons agtervolg het met die roede van sy geregtigheid, dan sou dit vir ons niks anders as vreesaanjagend gewees het om te besef dat God ons so deurskou nie. Maar dit is Goddank nie die geval nie. Die digter van Ps. 139 is nie met angs vervul by die gedagte dat God hom so deur en deur ken nie, maar met verwondering en aanbidding. Vir hom is die wete dag God hom so volkome ken, selfs sy diepste troos. Hy weet immers dat die kennis van God van hom het, die kennis van die liefde is. God is nie sy vyand nie en maak nie op hom jag nie, maar is by hom betrokke met 'n onbeskryflike teerheid. Dit is nie dat die sonde van ons bestaan vir God nie afskuwelik is nie. God haat die sonde wat Hy in ons vind. Maar sy nee wat Hy teenoor ons sonde spreek, is nie sy laaste woord nie. Die ja van sy liefde is sterker as die nee van sy toorn. As Hy ons tot op die bodem van ons wese deurskou, is ons sonde wel oop en bloot voor Hom, maar Hy bly nie daarby staan nie. Hy word in sy omgang met ons beweeg deur die liefde waarmee Hy ons gedink en gemaak het, en daarom laat Hy ons nie los nie. Ons is nie van God vergete en verlate nie, selfs al sou ons soms in ons sonde ook wens dat ons dit kon wees. Ons word in sy liefde geken en daarom vasgehou in die ewige bewussyn van God. (Uit *Die Burger* 29 November 1986)

SEPTEMBER TOETSREEKS-ROOSTER

	Sessie	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11
Maandag 21 Sept.	1	Natuurwetenskappe	Wiskunde	Lewenswetenskappe	Wiskunde Wisk Geletterdheid
	2	Natuurwetenskappe		Toerisme IT	
Dinsdag 22 Sept.	1	Afrikaans	Sosiale Wetenskap	Rekeningkunde	English
	2		Sosiale Wetenskap	CAT	Besigheidstudies
Woensdag 23 Sept.	1	Wiskunde	English	Fisiese Wetenskap	Afrikaans
	2		EBW	IGO	Verbruikerstudie
Donderdag 24 Sept.	OPENBARE VAKANSIEDAG (MENSEREGTEDAG)				
Vrydag 25 Sept.	SKOOLVAKANSIEDAG				
Maandag 28 Sept.	1	Sosiale Wetenskap	Natuurwetenskappe	Wiskunde Wisk Geletterdheid	Fisiese Wetenskap
	2	Sosiale Wetenskap	Natuurwetenskappe		
Dinsdag 29 Sept.	1	EBW	Tegnologie	Afrikaans	CAT
	2			Verbruikerstudie	IGO
Woensdag 30 Sept.	1	Tegnologie		English	Lewenswetenskap
	2			Musiek Geografie	IT Musiek
Donderdag 1 Okt.	1	English	Afrikaans	Besigheidstudies	Rekeningkunde
	2				
Vrydag 2 Okt.	SKOLE SLUIT				